Berlisé Louwrens het haar rol as bemarkingsbestuurder by CLF op 8 Januarie 2018 begin en is opgewonde oor die bydrae en impak wat sy in God se koninkryk kan maak binne CLF as deel van sy almagtige plan. Haar doelstellings is om met die jonger generasies kontak te maak; om nuwe bemarkingskanale te gebruik om mense aan te moedig om 'n Christelike erfenis na te laat; en om te help om lewensveranderende literatuur aan alle mense in hul eie taal beskikbaar te stel.

Berlisé het haar bemarkingsondervinding grootliks in die korporatiewe mark verkry waar sy aan verskeie industrieë blootgestel was. Sy glo dat goeie verhoudings en kommunikasie uiters belangrik is –persoonlik sowel as in die sakewêreld – en sien uit daarna om soveel moontlik interaksie met die NG Kerk-familie te hê.

Danny Fourie het 'n lang loopbaan en ervaring in die mediawêreld as uitsaaier en uitgewer. Met sy aanstelling by CLF vanaf Januarie 2018 sluit hy hom weer aan by sy ou werkgewer as redakteur van CLF se publikasies. Volgens Danny het CLF-Uitgewers tot 'n mededingende uitgewer van Christelike en teologiese boeke ontwikkel. Saam met sy span is hy gereed om die Christelike lesersmark en die NG Kerk-familie met relevante en geloofsopbouende publikasies te bedien.